

Qua Vadis?

EVANGELISASIEBLAD VAN DIE GEREFORMEERDE KERKE IN SUID-AFRIKA

Geregistreer by die poskantoor as nuusblad

NR. 100

Uitgegee deur die Deputate vir Evangelisasie van die Gereformeerde Kerk in Suid-Afrika, Posbus 20008, Noordbrug 2522, Potchefstroom en gedruk deur die Potchefstroom Herald (Edms.) Bpk., Posbus 156, Potchefstroom 2520.

ADAM en EVA -

Hoogsbeskaafd of wild ?

Was Adam en Eva hoogsbeskaafde mense of wilde barbare?

Moet tog nie sê dis 'n vraag wat ons nie aangaan nie . . .

Die mense wat die evolusieteorie aanhang beweer dat hulle wilde barbare was.

U ken hierdie goddelose teorie: Eers was daar toevallig 'n sel waaruit toevallig eers plante en diere ontstaan het, totdat die mens uit die apewêreld ontwikkel het. Hiervolgens was die eerste mense hulpbehoewende, onontwikkelde barbare wat met verloop van honderd-duisende jare 'n beskaafde mens geword het!

Hoe oneindig arm is hierdie beskouing tog nie as ons dit met die openbaring van God vergelyk nie.

In Genesis 1:26 lees ons: "En God het gesê: Laat Ons mense maak na ons beeld, na ons gelykenis ..."

Na Gods beeld geskape

Die woord 'beeld' sê vir ons dat, net soos die mens ooreenkoms met sy portret vertoon, net so 'n ooreenkoms vertoon die mens met God.

Die woord "gelykenis" sê dat die ooreenkoms tussen die persoon en sy beeld, tussen God en die mens noukeurig is.

Die mense van wie hier sprake is is Adam en Eva. Die beeld van God is egter te ryk om in twee mense geopenbaar te word. Daarom ontvang hulle die opdrag om vrugbaar te wees en te vermenigvuldig. God se beeld kom eers tot die rykste ontplooiing in die mensdom as geheel.

Dink maar aan die beeld van 'n vader en moeder met hulle kinders. Nie een kind openbaar die volle beeld van die ouers nie. Nee, hulle gelaatstrekke en karaktertrekke is oor hulle kinders versprei.

Net so is God se beeld onder die mense versprei. Anders in die man as in die vrou; anders in die jongeling as in die volwassene. Geen twee mense op die wêreld is identies nie, omdat elkeen die beeld van God op ander wyse openbaar. Net soos 'n kunstenaar 'n beeld op doek of in marmer skep, het God 'n beeld van Homself in die mens geskep — 'n lewende beeld, wat in siel en liggaam, in gawes en kragte en talente die beeld en gelykenis van dié God vertoon, wat hemel en aarde en alles geskape het.

Geen wonder dat die digter van Ps. 8 uitroep: "U het die mens 'n weinig minder gemaak as 'n goddelike wese en hom met eer en heerlijkheid gekroon."

Sê u dan nog ...?

Sê u dan nog evolusie is die antwoord op al u probleme?

Handhaaf u nog dat Adam en Eva wilde mense was, dom kinders wat geen kennis gehad het nie?

Luister, my vriend, as jy onbevange na die Woord van God wil luister, sal jy verneem: Dat Adam 'n suiwere kennis gehad het, 'n onbenewelde insig — daarom kon hy die diere name gee (Gen. 2:20); dat die eerste mensepaar regverdig was — sonder enige skuld; dat hulle heilig was — sonder enige smet.

Ons wil toegee dat hulle die beeld van God in sy heerlijkheid nie baie lank geopenbaar het nie. Toe Adam en Eva na die duiwel geluister het, het hulle hulleself van hierdie uitnemende gawes beroof.

Juis daarom het onse Here Jesus Christus aan die kruishout van Golgota vir ons sondes gesterwe.

Met Pinkster het God sy Heilige Gees in ons harte uitgestort. Hoe meer die Gees in ons harte gestalte verkry, des te meer herskape Hy ons na die beeld van God.

Ek glo in God ...

My bede is dat jy nie meer in die koor van die aanhangers van die evolusieteorie sal sing nie, maar in die koor van die verlore kinders van God wat jubelend uitroep: "Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde."

C. J. Malan.

God die Vader en Sy voorsienigheid

27. Vraag: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?

Antwoord: Die almagtige en alomteenwoordige krag van God, waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsele as met sy hand nog onderhou en so regeer dat lower en gras, reën en droogte, vrugbare en onvrugbare jare, spys en drank, gesondheid en krankheid, rykdom en armoede en alle dinge nie by toeval nie, maar uit sy vaderlike hand ons toekom.

28 Vraag: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskape het en nog deur sy voorsienigheid onderhou?

Antwoord: Dat ons in alle teëspoed geduldig, in voorspoed dankbaar moet wees, en in alles wat nog oor ons kan kom, 'n vaste vertrouwe moet stel op onse getroue God en Vader, dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie, aangesien alle skepsele so in sy hand is, dat hulle teen sy wil hulle nie kan roer of beweeg nie.

(Heidelbergse Kategismus).

Watter god dien jy as evolusionis?

Jy sê dat jy 'n mens is uit die intellektuele groep en dat jy jou intellek, jou rede gebruik.

Ek kan nie beweer dat jy nie deur geloof jou wetenskap beoefen nie, want jy sê dat jy ook geloof het. Maar jou geloof verskil van my geloof. My geloof, sê jy, is 'n blinde aanvaarding van 'n openbaring wat ek as gesaghebbend aanvaar by al my wetenskapsbeoefening. Jy sê dat ek my rede moet verkrag as ek wil aanvaar dat die Bybel gesaghebbend is.

Jou geloof, daarteenoor, is geen verkragting van die rede nie. Trouens jy glo in jou rede en juis daarom verwerp jy met jou redelike argument die Bybel as gesaghebbende openbaring van die Here. Iets moet vir jou redelik, d.w.s. aanvaarbaar, wees vir jou rede. As jy dus sê dat jy ook geloof het, beteken dit dat jy glo in die resultate wat jy met jou rede bereik het. Jou geloof in evolusionisme is dus 'n geloof in 'n teorie wat jy met jou verstand opgestel het. Jy het vertroue in daardie resultate. Jou rede is fundamenteel vir jou geloof.

Watter waarde heg jy aan die rede?

My geloof beteken natuurlik vir my ook dat ek my rede moet gebruik, dat ek dit ten volle moet gebruik. Ek glo dat my rede 'n gawe van die Here is. Maar ek glo ook dat hierdie gawe deur die sonde baie beperkinge het. Daarom glo ek ook dat ek nie my rede moet verhef bokant die openbaring van God, bokant die Bybel nie. Terwyl jy volgens jou belydenis net kan weet deur die rede en deur die geloof. Die rede laat 'n mens in die steek en kan aan jou nie alle kennis gee nie — omdat dit sondig, beperk en feilbaar is. Daarom weet ek nog veel meer deur die geloof. So weet ek bv. dat God Homself openbaar as Drie Persone, maar ook as 'n God wat net Een is al kan my beperkte, sondige en feilbare rede dit nie vir my verklaar nie. Ek glo dat daar ook boredelike dinge is wat ek nie kan verstaan nie. Vir jou is dit onredelik, teen jou verstand, en daarom verwerp jy dit.

Maar jou geloof rus net op die resultate van jou rede. Jy het met jou rede tot sekere gevolgtrekkings gekom. Hierdie gevolgtrekkings is vir jou redelik in die diepste sin van die woord. Daarom glo jy dit. Jy glo daarin. Maar moes jy nie eers in die vermoë van jou rede geglo het voordat jy so sterk op die resultate wat dit bereik het, kan steun nie?

Het jy nie ook 'n geloof nie?

Dit lyk dus vir my asof jy 'n geloof het wat jou rede voorafgaan, wat meer fundamenteel is as jou rede, nl. dat jy glo dat die rede as ondersoeker nie aanvegbaar is nie. Jou ondersoeker is magtig genoeg dat jy met sy resultate alle openbaring, of wat ander daarvoor hou, kan verwerp. Dit skyn dus vir my asof jy van jou rede presies dieselfde dink wat ek van die Here dink. Die Here en sy openbaring aanvaar ek as gesaghebbend in die laaste instansie. Oor Hom en die gesag van sy openbaring stel ek nie twyfel-vrae nie. Ek glo in God, ek glo aan sy openbaring. So is dit met jou rede. Jy glo daarin. Dis jou God.

Jy sal sekerlik nie so **onredelik** wees om die beperktheid van jou rede te erken nie. Jy weet tog hoeveel dinge jy nog nie begryp nie, hoe dikwels jou argumente verkeerd is, ens. Maar hoe plaas jy dan so 'n almagtige vertroue in die resultate wat jy daarmee bereik het? Dis omdat jy sonder dat jy dit miskien besef het, so gesteun het op die vermoë van jou rede. Steun jy nie maar op 'n gebroke riet nie?

Wil jy nie wys word nie?

Wil jy nie maar wys word en die wysheid wat van God is, aanneem nie? My Here Jesus Christus sê: "Ek loof u, Vader, Here van die hemel en die aarde, dat U hierdie dinge verberg het vir wyse en verstandige mense en dit aan kindertjies geopenbaar het." (Mat. 11:25).

- Verberg — vir wyse en verstandige mense wat so op hulle verstand steun soos jy.
- Geopenbaar — vir kindertjies, vir die wat kinderlik aanneem wat Hy geopenbaar het.
- Hierdie dinge — die dinge van die Evangelie, die blye boodskap van verlossing ook vir jou.

Miskien sal jy graag wil lees hoedat God sy groot werke doen ondanks die beperkinge van die rede en die wysheid van 'n mens. Paulus het dit geskryf aan die groot geleerdes van sy tyd, die Grieke. (1 Kor. 1:17-2:16).

M. A. Kruger.

Maar nou, so sê die HERE, jou Skepper, o Jakob, en jou Formeerder, o Israel: Wees nie bevrees nie, want Ek het jou verlos; Ek het jou by jou naam geroep; jy is myne!

As jy deur die water gaan, is Ek by jou; en deur die riviere — hulle sal jou nie oorstroom nie; as jy deur vuur gaan, sal jy jou nie skroei nie, en die vlam sal jou nie brand nie.

Want Ek is die HERE, jou God, die Heilige van Israel, jou Heiland.

— Jesaja 43:1-3(a).

Soos 'n arend wat sy kleintjies uit sy nes uitskop, oor sy kleintjies sweef, sy vlerke uitsprei, hulle opneem, hulle dra op sy vleuels — So het die HERE alleen sy volk gelei.

— Deut. 32:11, 12.

Wees altyddeur bly.

Bid sonder ophou.

Wees in alles dankbaar, want dit is die wil van God in Christus Jesus oor julle.

— 1 Thess. 5:16-18.

Kan God ons sondes nie maar oorsien nie?

'n Mens hoor dikwels die vraag waarom God die sonde van die mens nie maar net oor die hoof kan sien nie. Hoekom wil God die sonde straf?

Hierop kan ons maar net een antwoord gee: **omdat God regverdig is.**

God het in die Paradys gesê: "Van al die bome van die tuin mag jy vry eet, maar van die boom van die kennis van goed en kwaad, daarvan mag jy nie eet nie; want die dag as jy daarvan eet, sal jy die sekerlik sterwe" (Gen. 2:17).

En nou dat Adam en Eva gesondig het, moet die reg sy loop neem, hulle moet sterwe!

En nie slegs dit nie: Hulle moet die vloek van God dra, soos die Here duidelik gestel het: Vervloek is elkeen wat nie bly in alles wat geskrywe is in die boek van die wet om dit te doen nie (Gal 3:10).

Gods geregtigheid eis dat ons sondes, wat teen sy oneindige majesteit begaan is, nie alleen met tydelike nie. maar ook met ewige strawwe aan siel en liggaam gestraf moet word.

Om hierdie rede buig ek my knieë voor die Vader van onse Here Jesus Christus, van wie elke geslag in die hemele en op die aarde sy naam ontvang, dat Hy aan julle mag gee na die rykdom van sy heerlijkheid om met krag versterk te word deur sy Gees in die innerlike mens.

— Efésiërs 3:14-16.

Tydlike strawwe ondervind ons daaglik in oorloë, aardbewings, hongersnood, siekte, angste, dood ens., waardeur God ons tot bekering roep.

Die ewige straf is die helse smarte wat die goddelose sal ondergaan wat in ware berou en bekering na God nie wou luister nie. Daar sal die wurm van die knaende gewete nie ophou om te verwyt nie . . .

Is God nie net barmhartig nie?

Daar is baie mense wat niks wil weet van God se regverdigheid nie — slegs van God se genade en barmhartigheid. Dit mag ons egter nooit doen nie. Ons mag nooit die een deug van God uitspeel teen die ander deugde nie. Wie eensydig 'n beroep doen op een van God se deugde, verloën daarmee die ander deugde van God. God sou nie barmhartig gewees het as Hy nie ook regverdig was nie!

As 'n oortreder deur 'n aardse regter skuldig bevind word, sou jy meen dis regverdig as die regter hom sou loslaat en nie straf nie? Nouja, net so mag ons nie van God verwag om ons sondes maar vry te skeld sonder voldoening nie. Die majesteit van die reg eis dat die reg nie gekrenk mag word nie.

Hoe moet ons voldoen?

Jy sien dus my vriend, deur ons sondeval word ons in 'n geregshof geplaas. Ons staan in die beskuldigdebank en ... God is die Regter wat voldoening eis. Hierdie voldoening bestaan daarin dat ons God **volkome** moet liefhê en ons medemens soos onself, en tweedens, noudat ons ongehoorsaam geword het, dat ons die straf in sy volle omvang moet dra.

Die antwoord op hierdie eis is duidelik, ons kan nie. Ons kan God nie volmaak liefhê nie; intendeel, ons is geneig om God en ons naaste te haat. En wat die straf betref, ons kan die straf van dood en hel **nooit** dra **nie**.

Gods barmhartigheid op sy heerlikste!

Weet u wie dit wel vir ons kan dra? As ons u die naam van dié Persoon noem, sal u nooit meer kla oor Gods regverdigheid nie. U sal in God se oneindige barmhartigheid roem, want die Persoon wat vir ons die straf gedra het is .. . God se eie geliefde Seun, Jesus Christus.

By die kruis van Jesus Christus ontmoet die regverdigheid en barmhartigheid van God mekaar.

- Weens die regverdigheid van God het Hy sy geliefde Seun nie gespaar nie, maar die toorn, wat op ons gerus het, in volle mate op Hom laat neerkom.
- Weens die barmhartigheid van God het Hy liever sy Seun laat sterwe as dat die ganse mensdom verlore gaan.

In Jesus Christus breek die verterende gloed van Gods toorn op in duisendvoudige kleure van genade.

Glo u in Jesus Christus as u Verlosser?

Wat die Heidelbergse Kategismus sê:

6. Vraag: Het God die mens dan so boos en verkeerd geskape?

Antwoord: Nee, maar God het die mens goed en na sy ewebeeld geskape, dit is, in ware regverdigheid en heiligheid, sodat hy God sy Skepper reg kan ken, Hom van harte kan liefhê, en met Hom in die ewige saligheid kan lewe om Hom te loof en te prys.

7 Vraag: Waar kom dié verdorwe aard van die mens dan vandaan?

Antwoord: Uit die val en die ongehoorsaamheid van ons eerste voorouers. Adam en Eva, in die Paradys waar ons natuur so verdorwe is, dat ons almal in sondes ontvang en gebore word.

8 Vraag: Maar is ons so verdorwe dat ons heeltemal onbekwaam is tot enige goed en geneig tot alle kwaad?

Antwoord: Ja, tensy ons deur die Gees van God wedergebore word.

HOE GROOT IS GOD?

Al dié een gehoor van die geleerde en die eenvoudige boer? "Kom," het die geleerde gesê, "Ek glo nie in God nie. Kom vertel my nou hoe groot is jou God — soos 'n mens, daardie gebou, 'n berg of soos die aardbol miskien?" Die boer het hom 'n rukkie aangekyk en toe geantwoord: "Nee — so groot dat die aarde Hom nie kan bevat nie, en so klein dat Hy in my hart kan woon."

En dan is daar die een van die ongelowige Russiese ruimtereisiger wat gesê het: "Terwyl ek deur die ruimtes gewentel het rondom die aarde, het ek goed gekyk, maar ek het geen hemel en geen God gesien nie" — terwyl 'n gelowige Amerikaanse ruimtegenoot gesê het: "Terwyl ek in die ruimte was, het ek so na aan God gevoel soos nog nooit tevore nie".

As God sou wegstap

Kan ons God sien? Nee. Die Bybel sê immers ook God is onsienlik, dit wil sê onsienlik vir ons menslike, liggaamlike oog. Vir die ongelowige Rus sou ek graag wou sê: Waar jy nou is, is jy omring van radiogolwe. Kan jy hulle sien? Natuurlik nie — maar skakel jou radio aan, en onmiddellik weet jy die radiogolwe is daar, sonder dat jy hulle sien. Kan jy die lugdeeltjies sien wat jy inasem? Natuurlik nie!

God is oral, al kan ons Hom nie sien nie. En omdat Hy oral is, (ook hier waar jy jou op hierdie oomblik bevind) kan Hy ook alles regeer en bestuur. En Hy doen dit ook! Immers God het alles geskape: die ontsaglike ruimtes wat gemeet word met ligjare, die sterre so groot en ver van mekaar dat ons geen begrip daarvan kan vorm nie. Maar ook die kleinste organismes, die atome en mikrobes, die plante en die wêreld van die insekte, so klein, maar so volmaak geskape dat dit die grootste dwaasheid moet wees om te aanvaar dat dit alles vanself tot stand gekom het, sonder 'n God, sonder 'n alwyse, goddelike meesterbrein.

Met hierdie skepping hou God Hom steeds besig. Dit is nie so dat God alles geskape het en nou aan hulleself oor-laai nie. Soos 'n ingenieur wat sy masjien inmekaar gesit en dan aangeskakel het en nou wegstap nie. As God Sy rug sou draai en wegstap, sou alles in duie stort.

'n Etenstafel

Jy noem die natuurwette wat alles in stand hou? Die swaartekrag, die vaste bane van die planete, die biologiese wet-matigheid in die natuur en so meer? 'n Interessante punt ja. En tog wil ek nog 'n wet sien sonder 'n wetgewer! En ek wil nog sien wie gehoorsaam 'n wet as daar niemand is wat die wet afdwing nie. Ek wil nog sien hoeveel mense gaan wetsgehoorsaam wees as daar niemand is om die oortreder te straf nie! Sonder God kan die natuurwette net nie werk nie!

Dis God, die lewende God, wat hulle laat werk en as hulpmiddels gebruik om sy hele skepping te regeer en te versorg, om alles te onderhou.

Psalm 145 stel dit so mooi: "Die oë van almal wag op U, en U gee vir hulle hul spys op die regte tyd. U maak u hand oop en versadig alles wat lewe met welbehag." (vs. 15, 16) Kan jy hulle sien, hoe alles, die hele skepping, aansit by die reusagtige etenstafel wat God vir hulle inrig? Die seidiere, die voëls, die wilde diere, die plante, die insekte, die blomme, die bome, die bewoners van die hele aarde? Rondom God se tafel, waar Hy aan alles en almal gee wat elkeen nodig het?

Jou lewe — brandarm of skatryk?

Ek weet nie of jy nog oor die tafel bid nie, vriend, of jy God erken as die groot Gewer wat jou

versorg nie; wat jou die kragte en gesondheid en talente gee om te werk nie; wat jou lewe nog vandag gespaar het — maar, of ons dit wil erken of nie: God is die groot Onderhouer van alles, ook van jou en my lewe. En dit is Hy wat bepaal wat môre en volgende week met jou gaan gebeur! Is hierdie groot, Almagtige God ook vir jou 'n Vader wat jy liefhet? Gaan jy met Hom die pad? Ken jy Hom as 'n barmhartige Vader wat jou liefhet en jou ná hierdie lewe wil opneem in sy Vaderhuis van volle heerlijkheid?

Daar is net een weg om na God te kom en Hom as Vader te vind: deur Jesus Christus. Hy is, die enigste Weg, die enigste Middelaar — "niemand kom na die Vader behalwe deur My nie", het Hy gesê. En Hom sal jy alleen vind in sy Woord, die Bybel.

Sonder God is jy 'n weeskind — 'n verlore seun of dogter, wat nie weet van Sy sorgende liefde vir jou nie — en hoe arm is jou lewe dan! Maar as jy Hom gevind het — word jou lewe vol en ryk! Dan ondervind jy die wonder, dié God wat só groot is dat die aarde Hom nie kan bevat nie, het my so lief dat Hy in my hart kom woon — Hy wat my voed en klee en versorg. Daarom kan ek sonder vrees of kommer die toekoms ingaan. Sal Hy, wat die voëls en die lelies voed Sy eie kind dan ooit vergeet?

W. J. Maritz.

Omdat ons dan uit die geloof geregverdig is, het ons vrede by God deur onse Here Jesus Christus; deur wie ons ook die toegang verkry het deur die geloof tot hierdie genade waarin ons staan; en ons roem in die hoop op die heerlijkheid van God.

En nie alleen dit nie, maar ons roem ook in die verdrukkinge, omdat ons weet dat die verdrukking lydsaamheid werk, en die lydsaamheid beproefdheid en die beproefdheid hoop; en die hoop beskaam nie, omdat die liefde van God in ons harte uitgestort is deur die Heilige Gees wat aan ons gegee is.

— Romeine 5:1-5.

CHRISTUS KOM!

Glo jy dat Jesus Christus weer sal kom?

Ek sien dat jy jou kop skud, jy glo blykbaar nie.

Ek hoor jou sê: Waar is die belofte van sy wederkoms? Vanaf die begin van die skepping *bly alles nog* dieselfde. . .

In die tyd van die apostel Petrus was daar ook sulke spotters wat dieselfde gevra het.

Vir hulle het Petrus geantwoord: Dit is nie so dat alles dieselfde gebly het nie. God het eenkeer alle lewensbestaan op hierdie aarde vernietig deur die sondvloed — behalwe vir Noag en sy huisgesin en die diere wat God in die ark bewaar het (Gen. 6-8).

Alles het dus nie dieselfde gebly nie.

Netso het God gespreek dat met die koms van die Here Jesus sal hierdie wêreld aan die vuur prysgegee word (2 Petrus 3:7).

Uit die feit dat die Here nog nie die wederkoms laat aanbreek het nie, moet jy tog nie aflei dat daar geen wederkoms sal wees nie. Petrus sê duidelik dat God lankmoedig oor ons is en nie wil hê dat sommige moet vergaan nie, maar dat almal tot bekering moet kom. (2 Petrus 3 :9).

Moet jou ore nie uitleen nie

Leen dus nie jou ore uit vir diegene wat sê dat hierdie aarde in sy teenwoordige gedaante vir ewig sal voortbestaan nie.

Slaan geen ag op die woorde van die Kommunis wat vir die mens 'n hemel op hierdie aarde beloop nie.

Gods Woord stel duidelik dat die hemele (die wolke- en sterrehemel) met 'n gedruis verby sal gaan. Hierdie woord **gedruis** is 'n woord wat in die Griekse taal die verskrikking aandui van dreunende vlamme, bruisende waters, snorrende pyle, sissende slange en klappende swepe. As Petrus nog daarby noem dat die elemente sal vergaan en die aarde *en* die werke *wat* daarop is *sal verbrand* . . . dan begryp jy dat dit 'n verskriklike dag sal wees.

Geen wonder dat die goddelose, die ongelowiges sal uitroep: "Berge val op ons, heuwels bedek ons."

Vir die gelowiges sal hierdie dag geen vrees inhou nie want God skep "volgens sy belofte nuwe hemele en 'n nuwe aarde waarin geregtigheid woon." (2 Petrus 3:13).

Moet jou kop nie skud nie

Noudat God se Woord oor die wederkoms tot jou gespreek het. . . skud jy nog jou kop?

Toe Lot sy skoonseuns gewaarsku het om uit Sodom pad te gee omdat die Here die stad gaan verwoes (Gen. 19:14), was hy in die oë van sy skoonseuns soos een wat gekskeer.

Sy skoonseuns het in die vlamme stad omgekom.

As die Woord van God ook vir jou gekskeerdery is, my vriend, wag die vlamme toorn van God se oordeel in die hel vir jou.

"Soek die Here terwyl Hy nog te vinde is; roep Hom aan terwyl Hy naby is" (Jesaja 55:6).

As Christus kom!

Ten laaste glo ons, volgens die Woord van God, dat wanneer die tyd deur die Here bepaal, gekom het — wat aan alle skepsele onbekend is — en die getal van die uitverkorenes vol sal wees, onse Here Jesus Christus uit die hemel sal kom, liggaamlik en sigbaar, soos Hy opgevaar het, met grote heerlijkheid en majesteit, om Hom aan te kondig as Regter oor lewende en dode; en dat Hy hierdie ou wêreld aan vuur en vlam sal prysgee om dit te suiwer. En dan sal persoonlik voor hierdie groot Regter verskyn alle mense, manne sowel as vroue en kinders, wat van die begin van die wêreld af tot die einde toe bestaan het, gedagvaar deur die stem van die aartsengel en deur die geklank van die basuin van God. Want almal wat gesterf het, sal uit die aarde opstaan, die siele saamgevoeg en verenig met hulle eie liggaam waarin hulle geleef het. En met betrekking tot diegene wat dan nog sal lewe, hulle sal nie sterwe soos die ander nie, maar hulle sal in 'n oomblik verander en uit verganklikheid onverganklik word.

Die boeke geopen

Dan sal die boeke, dit wil sê, die gewetens, geopen en die dode geoordeel word volgens wat hulle in hierdie wêreld gedoen het, goed of kwaad. Ja, die mense sal rekenskap moet gee van elke ydele woord wat hulle gepraat het — iets wat die wêreld vir niks anders as kinderspel en tydverdryf beskou nie; en dan sal die verborgenhede en geveinsdhede van die mense in die openbaar voor almal ontdek word. En daarom is die gedagte aan hierdie oordeel met reg ontsettend en skrikwekkend vir die oortreders en goddelose, en baie begeerlik en troosvol vir die vromes en uitverkorenes; aangesien hulle volle verlossing dan voltooi sal word en hulle daar sal ontvang die vrug van al hulle sware arbeid en moeite. Hulle onskuld sal deur almal erken word, en hulle sal die verskriklike wraak sien wat God sal oefen teen die goddelose wat hulle getiranniseer, verdruk en gekwel het in hierdie wêreld; terwyl die goddelose oorweldig sal word deur die getuienis van hul eie gewete. Hulle sal onsterflik word, maar só dat hulle gepynig sal word in die ewige vuur wat vir die duiwel en sy engele berei is.

Met heerlijkheid gekroon

Daarenteë sal die gelowiges en uit-verkorenes met heerlijkheid en eer gekroon word. Die Seun van God sal hulle naam bely voor God sy Vader en sy uitverkore engele; alle trane sal van hulle oë afgevee word; hulle saak, wat teenswoordig deur baie regters en owerhede as ketters en goddeloos veroordeel word, sal erken word as die saak van die Seun van God, en as 'n genadige vergelding sal die Here hulle in besit stel van so 'n heerlijkheid as wat die hart van 'n mens nooit sou kan bedink nie. Daarom verwag ons die grote dag met 'n groot verlange om ten volle te geniet die beloftes van God in Jesus Christus, onse Here.

(Ned. Geloofsbelydenis Art. 37)